



## Gedragkode

### **GEDRAGSKODE VIR STUDENTE – DE GOEDE HOOP-KOSHUIS**

#### **DEEL 1: ALGEMEEN**

##### **1. VISIE**

Om 'n Christelike, Afrikaanse koshuis ongeag ras of geslag uit te bou waar ons strewe na uitnemendheid, respek vir mekaar en ander en integriteit hand aan hand loop met ryke koshuistradisies en 'n prestasiekultuur. De Goede Hoop- (DGH-) koshuis wil 'n tuiste en atmosfeer vir studente skep waar vandag se studente tot môre se leiers geslyp word.

##### **2. DOEL**

Die doel van hierdie gedragkode is om om 'n doelgerigte koshuisomgewing te vestig waar dissipline en orde gehandhaaf word. Dié gedragkode kan van tyd tot tyd wysig.

##### **3. KOSHUISREËLS EN DISSIPLINÊRE STELSEL**

3.1 Studente en hul ouers/voogde moet deeglik op hoogte wees van alle reëls en die dissiplinêre stelsel wat op DGH van toepassing is.

3.2 Wanneer studente tot die koshuis toegelaat word, is dié toelating aan hierdie reëls en dissiplinêre stelsel onderhewig, en sowel studente as hul ouers/voogde aanvaar die inhoud hiervan en onderneem om die bepalings hierin vervat stiptelik na te kom.

#### **DEEL II: GEDRAGSREËLS**

## **INLEIDING**

- 1.1** Hierdie reëls is opgestel met die doel om –
- 1.1.1 goeie orde en dissipline in die koshuis te vestig;
  - 1.1.2 'n gesagstruktuur te vestig; en
  - 1.1.3 die koshuis se goeie naam te beskerm en uit te bou.
- 1.2** Studente moet hulself deeglik van die inhoud en betekenis van die reëls vergewis voordat hulle dit onderteken. Enige oortreding hiervan sal tot dissiplinêre optrede en sanksies lei.

## **2. HUISOUERS**

- 2.1** Die huisouers is verantwoordelik om –
- 2.1.1 die visie van DGH operasioneel in werking te stel;
  - 2.1.2 algemene dissipline in koshuis te handhaaf;
  - 2.1.3 toe te sien dat die gedragskode nougeset nakom word;
  - 2.1.4 toe te sien dat 'n nuwe huiskomitee (HK) elke jaar verkies word;
  - 2.1.5 na studente se veiligheid en welstand binne die koshuis om te sien; en
  - 2.1.6 oortredings van dié gedragskode te ondersoek en ernstige oortredings waar nodig aan die bestuurskomitee vir dissiplinêre ondersoek en verdere stappe te verwys.

## **3. DIE HUISKOMITEE**

- 3.1** Die HK bestaan uit ses mans- en ses damesportefeuljes wat jaarliks deur DGH-studente verkies word.
- 3.2** Die HK is verantwoordelik vir algemene koshuisdissipline en die opneem en uitleef van hul onderskeie portefeuljes.
- 3.3** Die HK moet maandeliks oor koshuisaangeleenthede en portefeuljevordering aan die koshuisouers verslag doen.
- 3.4** Die HK moet ernstige oortredings in terme van die gedragskode by koshuisouers aanmeld en bewysstukke daarvan indien.

#### 4. **STUDIETYD**

- 4.1 Daar is verpligte studietyd vir alle eerstejaars van Maandae tot Woensdae tussen **19:00 en 22:00**.
- 4.2 Tydens studietyd mag daar geen geraas/lawaai in die koshuis gemaak word nie.

#### 5. **STILTETYD**

- 5.1 Daar mag geen geraas/lawaai weksdae ná **22:00** en naweke ná **24:00** gemaak word nie.
- 5.2 Die koshuisouers mag in spesiale gevalle (soos jool) toestemming gee dat reël 5.1 tydelik nie geld nie.

#### 6. **BESOEKTYE VIR STUDENTE**

- 6.1 Maandae: Geen.
- 6.2 Studente mag van Dinsdae tot Sondag tussen **10:00 en 19:00** in mekaar se klusters (gemeenskaplike kombuis- en sitkamervertreke) kuier, onderhewig aan paragraaf 6.3–6.6 hieronder.
- 6.3 Geen man mag in 'n dame se **kamer** kuier nie.
- 6.4 Geen dame mag in 'n man se **kamer** kuier nie.
- 6.5 Geen mans mag ná 23:00 in **damestudenteklusters** wees nie.
- 6.6 Geen dames mag ná 23:00 in **manstudenteklusters** wees nie.

#### 7. **BESOEKERS- EN OORNAGREËLINGS**

- 7.1 Skriftelike aansoek moet by die HK gedoen word vir enige persoon wat wil oorslaap. Die voorgeskrewe aansoekvorm kan van enige HK-lid verkry word.
- 7.2 Indien toestemming verleen word, is 'n oorslaapfooi van R50 van toepassing wat aan die betrokke HK-lid betaalbaar is.
- 7.3 Mansbesoekers mag slegs in manseenhede oornag en damesbesoekers slegs in dameseenhede.
- 7.4 Die toestemmingskrywe moet teen die koshuis se kennisgewingbord aangebring word.
- 7.5 Die betrokke HK-lid moet ook 'n parkering aan die besoeker toeken en dit ook op die toestemmingskrywe aandui.

## 8. DRANKGEBRUIK

- 8.1 Drank mag slegs in die braai-area (op die dak), die kraaines en klusters gebruik word.
- 8.2 Drank moet met **matigheid** gebruik word (verwys ook na paragraaf 18.1 en 18.1.11).
- 8.3 Die gebruik van drank in DGH-koshuisdrag is verbode.
- 8.4 Die gebruik, aanhou of verkoop van dagga, tik, heroïen, kokaïen, LSD of enige verwante narkotiese dwelm word onder geen omstandighede in DGH toegelaat nie. (Sien klousule 17 en Deel III van die gedragskode.)

## 9. PORNOGRAFIE

- 9.1 Die aanhou, verspreiding en kyk van pornografie word in DGH verbied. (Sien klousule 17 en Deel III van die gedragskode.)

## 10. KENNISGEWINGS

- 10.1 Kennisgewings van weeklikse koshuisaktiwiteite sal gereeld teen die kennisgewingborde in die koshuis aangebring word.
- 10.2 Studente moet alle amptelike koshuisaktiwiteite bywoon wat in die jaarkalender uiteengesit word, tensy skriftelike toestemming vir nedeelname twee dae voor so 'n aktiwiteit verkry word.
- 10.3 Verskoningsvorme moet by die HK afgehaal word.

## 11. AFWESIGHEID

- 11.1 Eerstejaarman- en -damestudente wat vir twee of meer agtereenvolgende weksdae (vakansiedae, langnaweke en vakansies uitgesluit) van DGH afwesig is, moet skriftelike verskoningsvorme invul wat deur die HK of huisouers goedgekeur word. Indien dit nie gebeur nie, sal die HK die student se ouers inlig dat die student van die koshuis afwesig is.

## 12. OMGEWING

- 12.1 Studente mag nie die DGH-gronde of -geboue bemors nie.

- 12.2 Studente wat toeskouers of ondersteuners by enige DGH-aktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat.
- 12.3 Studente moet self hul rommel en vullissakke in die vullisdromme onder in die parkeerarea gaan weggooi. Geen vullissakke mag oor naweke in gange staan nie.
- 12.4 Studente moet te alle tye hul klusters, kamers en toilette so skoon as moontlik hou.
- 12.5 Studente moet gehoor gee aan redelike opdragte van die DGH-huisouers en/of -HK met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese DGH-omgewing.

### 13. HK-VERGADERINGS

- 13.1 Die HK vergader elke tweede Dinsdag om 19:00 in die saal.
- 13.2 Bywoning is verpligtend.
- 13.3 HK-lede wat die vergaderings weens akademiese, gesondheids- of persoonlike redes misloop, moet bewys van so 'n botsende aktiwiteit (dus eksamenrooster, siekebrief en dies meer) **minstens twee dae voor die HK-vergadering** vir goedkeuring aan die koshuisouers voorlê.
- 13.4 HK-lede moet HK-vergaderings in hul amptelike DGH- HK-kleredrag bywoon.
- 13.5 Volledige notules van koshuisvergaderings moet deur die HK-damesekretaris gehou word.

### 14. ALGEMENE KOSHUISVERGADERINGS

- 14.1 Daar sal elke tweede Dinsdag van elke maand (dus die tweede en vierde Dinsdag) gesamentlike, verpligte koshuisvergaderings vir alle studente gehou word.
- 14.2 Studente wat die verpligte koshuisvergaderings vir akademiese, gesondheids- of persoonlike redes misloop, moet bewys van so 'n botsende aktiwiteit (dus eksamenrooster, siekebrief en dies meer) **minstens twee dae voor die HK-vergadering** vir goedkeuring aan die eerstejaarsvoog voorlê, of aan die primarius/primaria indien die eerstejaarsvoog nie beskikbaar is nie.
- 14.3 Die eerstejaarsvoog sal op sy/haar diskresie 'n goedkeuringskrywe uitreik en dit teen die kennisgewingbord van die mans-/damesvloer aanbring.
- 14.4 Studente moet die koshuisvergaderings in DGH-kleredrag bywoon, en HK-lede in hul amptelike DGH- HK-kleredrag. Hierdie klere is verkrygbaar by die HK-lid wat vir klerasie verantwoordelik is.
- 14.5 Deeglike notules van koshuisvergaderings moet deur die HK-damesekretaris gehou word.

## **15. HUISAKSIES/-FUNKSIES**

- 15.1 Alle amptelike huisaksies wat in die aangehegde jaarkalender uiteengesit word, moet deur alle eerstejaars bygewoon word.
- 15.2 Verskoningsvorme moet twee werksdae voor 'n aktiwiteit by die betrokke eerstejaarsvoog ingedien word en bewys van 'n botsende aktiwiteit (dus 'n eksamenrooster, siekebrief en dies meer) moet die verskoningsvorm vergesel.
- 15.3 Die eerstejaarsvoog sal op sy/haar diskresie 'n goedkeuringskrywe uitreik en dit teen die kennisgewingbord van die mans-/damesvloer aanbring.

## **16. KLEREDRAG EN VOORKOMS**

- 16.1 Eerstejaarman- en -damestudente moet hul amptelike DGH-klere op Maandae en Vrydae dra. DGH-kleredrag is by die HK-lid verkrygbaar wat vir klerasie verantwoordelik is.
- 16.2 Voorgeskrewe DGH- en sportdrag is verpligtend vir DGH-bywoning, amptelike DGH-aangeleenthede en deelname aan georganiseerde sportaktiwiteite, DGH-toere of -uitstappies, tensy anders gereël vir besondere geleenthede.
- 16.3 Studente se DGH-drag, naels en skoene moet aan die begin van elke dag skoon wees.

## **17. ALGEMENE KOSHUISREËLS**

- 17.1 Studente sal te alle tye as goeie ambassadeurs van die koshuis en in ooreenstemming met dié DGH-gedragskode optree.
- 17.2 Wanneer studente enige amptelike DGH-drag of enige gedeelte daarvan dra wat voldoende is om hulle met DGH te verbind of onderskei, of terwyl studente DGH verteenwoordig – hetsy direk of indirek as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins – sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat DGH, DGH-personeel of hul medestudente in 'n slegte lig of verleentheid kan of sal stel.
- 17.3 Studente is verplig om die DGH-koshuisouers en ouers en personeel te ondersteun in die daarstel en handhawing van goeie dissipline en orde. In besonder word daar van studente verwag om enige redelike opdrag van die huisouers en/of HK te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer.
- 17.4 Studente is verplig om die voorgeskrewe eer te betoon wanneer die DGH-lied gespeel, gesing of voorgedra word.

- 17.5 Studente moet te alle tye in hul omgang met die koshuisouers en HK-lede die nodige hoflikheid en respek betoon en hulself van optrede weerhou wat op opstandigheid, onsedelike gedrag en uittarting neerkom.
- 17.6 Eerstejaar mansstudente moet 'n baksteen in materiaal toedraai en oral op die koshuisperseel rondraai (dus sodra hy by die koshuis se hek inkom). Hierdie baksteen is die eerstejaar se meisie en moet baie mooi opgepas word. Die manstudent moet ook 'n naam vir sy baksteenmeisie gee.
- 17.7 Eerstejaarmans- en -damestudente mag by geen kuierplekke buiten Trademarx, en Eastwoods kuier nie.
- 17.8 In gevalle waar studente wie se boetes (in terme van Bylaag 1 opgelê is) vir langer as 'n maand uitstaande bly, sal die student se ouers gekontak word om die boetes namens hul kind(ers) te vereffen.
- 17.9 Studente mag nie ander studente se liggaamlike, geestelike en morele welsyn benadeel of in gevaar stel nie. Studente mag geen vuurwapens en gevaarlike stowwe in hul besit hê nie.
- 17.10 Geen beskadiging, ontsiering of besoedeling van DGH- of iemand anders se eiendom word toegelaat nie.
- 17.11 Gevaarlike speletjies of enige ander optrede waarin iemand beseer kan word, is verbode op die DGH-terrein.
- 17.12 Studente wat enige DGH-aktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulself onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende of ná afloop van die betrokke aktiwiteit van die DGH-koshuisouers en/of -HK ontvang.
- 17.13 Studente mag hulle onder geen omstandighede in enige vorm van haatspraak, rassisme, seksisme of teistering binne of buite die koshuis skuldig maak nie.

## **18. ERNSTIGE OORTREDINGS**

- 18.1 Die volgende oortredings word in terme van die gedragskode as ernstige oortredings beskou –
- 18.1.1 enige vorm van haatspraak en/of rassisme en/of seksisme en/of teistering teenoor enige persoon binne of buite koshuisverband;
- 18.1.2 die besit, gebruik, verkoop en verruil, of sigbare bewys van onder die invloed wees van narkotiese of ongemagtigde dwelms, insluitend maar nie beperk nie tot dagga, tik, kokaiën en heroïen;

- 18.1.3 die besit, verspreiding of kyk van pornografiese materiaal in gedrukte, elektroniese of enigander formaat;
- 18.1.4 bakleiery, aanranding, kwetsende taalgebruik of mishandeling;
- 18.1.5 onsedelike gedrag;
- 18.1.6 die besit van, dreig met of gebruik van gevaarlike wapens;
- 18.1.7 vandalisme en die vernietiging of beskadiging van DGH- of ander studente se eiendom;
- 18.1.8 oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag teenoor en verbale mishandeling van huisouers, die HK of ander studente;
- 18.1.9 enige ernstige strafregtelike oortredings wat in die oordeel van die dissiplinêre komitee ernstig is;
- 18.1.10 viktimisering, afknouery en intimidasie van ander studente; en
- 18.1.11 om dronk op die DGH-perseel te wees.

### **DEEL III: WANGEDRAG, STRAFMAATREËLS EN DIE DISSIPLINÊRE STELSEL**

#### **1. KATEGORIEË VAN WANGEDRAG EN STRAFMAATREËLS (BYLAAG 1)**

1.1 Vir die toepassing van hierdie gedragskode word wangedrag in twee kategorieë verdeel:

- **Kategorie A: Algemene oortredings (Bylaag 1)**
- **Kategorie B: Ernstige oortredings (Bylaag 2)**

#### **2. PROSEDURE IN DIE GEVAL VAN OORTREDINGS**

2.1 In die geval van algemene oortredings word boetes per oortreding gehef. Die oortreding en die toepaslike boete word in Bylaag 1: Kategorie A hieronder uiteengesit.

2.2 In die geval van ernstige oortredings word die prosedure wat gevolg moet word in Bylaag 2: Kategorie B uiteengesit. Dié prosedures moet stiptelik nagekom word.



**BYLAAG 1: KATEGORIE A****A. ALGEMENE OORTREDINGS EN STRAFMAATREËLS**

Tipe oortreding	Strafmaatreëls			
	1ste oortreding	2de oortreding	3de oortreding	4de oortreding
Verkeerde kleredrag kampus toe of tydens koshuisvergaderings (verwys na paragraaf 16)	R10	R20	R30	R50
Afwesig van huisvergadering sonder skriftelike verskoning (verwys na paragraaf 14)	R20	R30	R50	R100
Eerstejaarmans wat nie hul baksteenmeisie by hul het nie (verwys na paragraaf 17.7)	R5	R10	R20	R30
Vuil kamers en eenhede (verwys na paragraaf 12.4)	R20	R30	R50	R100
Geraas tydens stilte- of studietyd (verwys na paragraaf 4.1 en 5.1)	R20	R30	R50	R100
Eerstejaars wat by 'n kuierplek anders as Trademarx en Eastwoods kuier (verwys na paragraaf 17.7)	R200	R300	R400	R600
Alkoholgebruik buite braai-area, kraaines en/of klusters (verwys paragraaf 8.1)	R20	R30	R50	R100
Alkoholgebruik in amptelike DGH-drag (verwys na paragraaf 8.3)	R20	R30	R50	R100

Tipe oortreding	Strafmaatreëls			
	1ste oortreding	2de oortreding	3de oortreding	4de oortreding
Besoekers buite besoektye (verwys na paragraaf 6.1–6.6)	R30	R50	R70	R100
Persone van die teenoorgestelde geslag in die ander geslag se <b>klusters of kamers</b> (verwys na paragraaf 6.3–6.6 en 7.3)	R200	R300	R500	R1 000
Gaste wat sonder toestemming oorslaap (verwys na paragraaf 7)	R100	R200	R300	R500

## **BYLAAG 2: KATEGORIE B: (ERNSTIGE OORTREDINGS)**

### **DISSIPLINÊRE PROSEDURES VAN TOEPASSING OP DIE ONDERSOEK EN VERHOOR VAN ERNSTIGE OORTREDINGS (PARAGRAAF 18**

#### **1. AANMELD EN HANTERING VAN ERNSTIGE OORTREDINGS)**

- 1.1 Indien daar beweer word dat 'n studente hom/haar aan 'n ernstige oortreding skuldig gemaak het of indien daar op redelike gronde vermoed word dat 'n student sodanige wangedrag gepleeg het, moet die aangeleentheid sonder versuim by die koshuisouers aangemeld word. Die koshuisouers moet onverwyld die bewerings of vermoede van sodanige wangedrag ondersoek of deur 'n bevoegde persoon laat ondersoek.
- 1.2 Die koshuisouers of aangewese ondersoekbeampte moet vasstel wanneer, waar en onder watter omstandighede die beweerde wangedrag plaasgevind het. Die koshuisouers of aangewese ondersoekbeampte moet nodige bewyse (wat verklarings van getuies insluit) bekom om vas te stel of daar gronde vir die klag van wangedrag teen die betrokke studente is.
- 1.3 Indien die voorlopige ondersoek nie deur die koshuisouers self behartig word nie, moet die aangewese ondersoekbeampte ná afhandeling van die voorlopige ondersoek die nodige bewysstukke wat bekom is aan die koshuisouers oorhandig. Die koshuisouers moet die voorlopige getuienis oorweeg en indien die getuienis genoegsame grond bevat om 'n klag van ernstige wangedrag te bring, moet die koshuisouers die saak na die dissiplinêre komitee van die koshuis verwys vir doeleindes van 'n dissiplinêre verhoor.
- 1.4 Die dissiplinêre komitee moet uiteindelik op 'n oorwig van waarskynlikhede tevrede wees dat daar 'n *prima facie*-saak teen die beskuldigde is, waarna die stappe wat in paragraaf 2.2 hieronder uiteengesit word.

#### **2. PROSEDURE MET DISSIPLINÊRE VERHOOR**

##### **2.1 Verhoor**

- 2.1.1 Die koshuisouers moet 'n onafhanklike dissiplinêre komitee aanwys. Die dissiplinêre komitee sal die dissiplinêre verhoor namens DGH te behartig en afhandel, wat insluit die oplegging van 'n gepaste straf.

- 2.1.2 Die koshuisouers of ondersoekbeampte stel 'n klagstaat op en die oortreder ontvang skriftelike kennis van die klag, asook die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlins word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.
- 2.1.3 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die aard van die beweerde oortreding, asook inligting oor waar en wanneer die verhoor gaan plaasvind.
- 2.1.4 Minstens vyf werksdae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.
- 2.1.5 In geval van ernstige oortredings het die student die reg om aansoek te doen om verteenwoordig te word deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die student aangewys word. Dié aansoek moet minstens twee dae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die student bywoon nie.
- 2.1.6 Wanneer 'n student regsverteenwoordiging gebruik, kan die studente die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnisooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.
- 2.1.7 Die verhoor moet billik en regverdig wees en volgens die voorskrifte van toepaslike wetgewing geskied. Die aanklaer en student (of die student se verteenwoordiger, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, vrae aan getuies te stel, getuies te roep en dokumente te ondersoek of voor te lê wat op die saak betrekking het.
- 2.1.8 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.
- 2.1.9 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die dissiplinêre komitee 'n besluit oor die student se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag om sy beslissing te oorweeg. Dié oorweging sal agter geslote deure plaasvind en mag slegs deur lede van die komitee bygewoon word.
- 2.1.10 As die studente skuldig bevind word, sal die student en die aanklaer nog 'n geleentheid gegun word om getuienis aan te bied en/of verhoë te rig oor versagterende en verswarterende omstandighede wat die komitee in ag moet neem om 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Dié oorweging sal ook agter geslote deure plaasvind en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

## **2.2 Uitspraak en strafmaatreëls**

- 2.2.1 In geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee – wat die opgelegde straf insluit – binne hoogstens vyf werksdae skriftelik aan die student en die aanklaer oorgedra word.
- 2.2.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die komitee opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding mag neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisie diens verwys.

## **2.3 Skorsing en strafmaatreëls**

- 2.3.1 Ná afhandeling van 'n dissiplinêre verhoor kan 'n student wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind word deur die dissiplinêre komitee as korrektiewe maatreël vir hoogstens sewe dae van DGH-bywoning geskors word.
- 2.3.2 Sou die dissiplinêre komitee beslis dat die student uit DGH gesit moet word, moet die komitee 'n aanbeveling in dié verband aan die uitvoerende hoof van DGH rig wat die beslissing eers moet bekragtig voordat daar met enige uitsettingstappe begin mag word. In die geval van uitsetting moet daar met uitsettingstappe in terme van toepaslike nasionale wetgewing voortgegaan word en die toepaslike kennisgewings uitgereik word.